# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

## SINSOORTE

VRAESTEL 1 – MAKLIKE VLAK (EASY)
TOTAAL: 40
Naam: ________________________
Datum: ________________________

**AFDELING A: MEERVOUDIGE KEUSE (10)**
Kies die korrekte antwoord.
(Choose the correct answer.)

1.'n Sin wat inligting gee of 'n opinie uitdruk, noem ons 'n...
a) Vraagsin
b) Stelsin
c) Bevelsin
Antwoord: ________

2.Watter leesteken eindig gewoonlik 'n Stelsin?
a) ?
b) !
c) .
Antwoord: ________

3.'n Sin wat 'n bevel gee, noem ons 'n...
a) Bevelsin
b) Vraagsin
c) Uitroepsin
Antwoord: ________

4.Watter leesteken eindig gewoonlik 'n Uitroepsin?
a) .
b) !
c) ?
Antwoord: ________

5.'n Vraagsin eindig met 'n...
a) punt
b) uitroepteken
c) vraagteken
Antwoord: ________

6.Watter sin is 'n Vraagsin?
a) Ek speel sokker.
b) Waar woon jy?
c) Hardloop vinnig!
Antwoord: ________

7.Watter sin is 'n Bevelsin?
a) Maak asseblief die deur toe!
b) Ek hou van pizza.
c) Waar is my boek?
Antwoord: ________

LIVEWORKSHEETS

8.Watter sin is 'n Uitroepsin?
a) Wat 'n pragtige dag!
b) Ons gaan winkel toe.
c) Wie is daar?
Antwoord: ________
9.Watter sin is 'n Stelsin?
a) Sjoe, dit is warm!
b) Ek lees graag boeke.
c) Wanneer kom jy?
Antwoord: ________
10.'n Vraagsin begin dikwels met...
a) wie, wat, waar
b) asseblief
c) sjoe
Antwoord: ________

**AFDELING B: IDENTIFISEER DIE SINSOORT (10)**
Skryf die korrekte sinsoort neer.
(Write the correct sentence type.)
Kies uit:Stelsin,Bevelsin,Uitroepsin,Vraagsin
Maak asseblief jou kamer skoon!
A.______________________
Ek speel elke dag netbal.
B.______________________
Hoe laat begin die skool?
C.______________________
Sjoe! Dit is baie koud vandag!
D.___________________
Ons gaan môre see toe.
E.______________________
Waar woon jou ouma?
F.______________________
Doen nou jou huiswerk!
G.____________________
Ek hou van honde.
H.____________________
Ai! Dit was seer!
I.____________________
Wie het die wedstryd gewen?
J.__________________________

LIVEWORKSHEETS

**AFDELING C: VOLTOOI DIE SIN (10)**

Kies die korrekte woord uit die woordbank.

(Choose the correct word from the word bank.)

Woordbank / Word Bank

punt • vraagteken • uitroepteken • Stelsin • Bevelsin • Uitroepsin • Vraagsin • opinie • vraag • bevel

1. 'n ______________ gee inligting.
2. 'n ______________ vra iets.
3. 'n ______________ gee 'n opdrag.
4. 'n ______________ wys sterk gevoelens.
5. 'n Stelsin eindig met 'n ______________.
6. 'n Vraagsin eindig met 'n ______________.
7. 'n Uitroepsin eindig met 'n ______________.
8. 'n Stelsin kan 'n feit of ______________ bevat.
9. 'n Vraagsin bevat 'n ______________.
10. 'n Bevelsin gee 'n ______________.

**AFDELING D: HERSKRYF DIE SIN (10)**

Verander die sin soos aangedui.

(Change the sentence as instructed.)

Jy maak die deur toe.

Verander na 'n Bevelsin.

A.________________________________

Maak die venster oop!

Verander na 'n Stelsin.

B.________________________________

Ek hou van roomys.

Verander na 'n Vraagsin.

C.________________________________

Jy het die prys gewen.

Verander na 'n Uitroepsin.

D.________________________________

Waar woon jy?

Verander na 'n Stelsin.

E.________________________________

TOTAAL: ____ / 40

LIVEWORKSHEETS